# Die Nederduitsch Hervormde Kerk en sy bediening in 'n toekomstige Suid-Afrika: Die visie van 'Kerk en wêreld 2000'

P J van der Merwe
Universiteit van Pretoria

---

Abstract
**The Nederduitsch Hervormde Kerk and its ministry in a future South Africa: The vision of *Kerk en wêreld 2000***

*Kerk en wêreld 2000* (*Church and world 2000*) served as a report to the General Synod of the Nederduitsch Hervormde Kerk in 1986 on the future socio-economic and political scenario in South Africa and the Nederduitsch Hervormde Kerk's role in the changing situation. This article consists of a cursory discussion of the report and some concluding remarks. The book is found to offer a frank analysis of future developments and a rare insight into the Nederduitsch Hervormde Kerk and its understanding of its ministerial role within the new situation. The book displays a pastoral rather than a missionary slant.

## INLEIDING

Einde 1985 het 'n boekie getiteld *Kerk en wêreld 2000* by Kital in Pretoria verskyn. Sy verskyning was sonder basuingeklank, maar sy uiteindelike effek in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (= NHKA) is nie te onderskat nie. Die boekie is spesifiek vir die Algemene Kerkvergadering van 1986 van die NHKA voorberei waar dit ook sy invloed gehad het. Sy nawerking is egter tot vandag toe in die Kerk merkbaar.

Die projek waaruit die verslag *Kerk en wêreld 2000* voortgevloei het, was om 'n beeld te vorm van die omstandighede waaronder die Kerk sy roeping en taak in die Suid-Afrika van die 'volgende twee dekades' sal moet uitleef en verrig, en beginsels vas te lê vir die wyse waarop dit behoort te geskied.

 ISSN 0259 9422 = *HTS 46/4 (1990)*

Die bedoeling met hierdie artikel is om vas te stel hoe die verslag die gerigtheid van die NHKA sien en om dit in verband te bring met sy toekomstige bediening. Vir dié doel sal eers 'n kursoriese oorsig van die boek gemaak word, waarna algemeen teologiese opmerkings by wyse van evaluering en slotsom gemaak sal word. *

## OORSIG

### Grondhouding

Die klassieke beginsels van die Reformasie, te wete *sola Scriptura, sola gratia, sola fidei* en *ecclesia reformata semper reformanda*, word verklaar as die grondbeginsels van die NHKA.

### Kerkbegrip

Die volkskerklike interpretasie wat die NHKA aan kerkwees heg, staan op die voorgrond. *Kerk en wêreld 2000* doen dit egter deur eers die nou verband tussen die NHKA en die Afrikanervolk uit te spel, terwyl 'n mens dit dalk andersom sou verwag het.

Die burgerlik-godsdienstige voetangels wat aan die volkskerk kleef, word eksplisiet genoem. Daar word ook gesê dat die NHKA deur sy volkskerkwees nie vasgesluit wil wees in 'n binnevolkse bestaan nie, maar dat hy graag wil 'oopstaan vir kerke uit ander volksgroepe' (NHKA 1985:5). Dit is 'n ontsettende belangrike uitspraak, wat deur die opstellers (G C Velthuysen, bygestaan deur J P Oberholzer) as 't ware soos 'n swaard oor die verdere gang van die verslag gehang word.

Daar word aangedui dat die NHKA verbondsgewys, dit wil sê in terme van die groter verbande, dink. Sulke verbande is volk, taal en kultuur. Dit staan volgens die verslag in teenstelling met die individualiserende benadering van die meeste ander kerke.

Skrywer vermoed dat die hermeneutiese sleutel tot die verslag in hierdie gedeelte van *Kerk en wêreld 2000* lê.

### Verband met ander kerke

Die verslag verklaar dat die NHKA bewus is van sy ekumeniese verbande en pligte. Die NHKA sal 'selfs nuwe kontakmoontlikhede ondersoek en sy ekumeniese betrokkenheid verbreed' (NHKA 1985:7).

* Hierdie en die volgende twee artikels het oorspronklik as referate gedien by die kongres van die Hervormde Teologiese Vereniging op 7 Julie 1989.

Ekumeniese kontak kan op twee vlakke geskied, te wete op individueel-kerklike vlak en op die vlak van ekumeniese organisasies. Eersgenoemde geniet voorkeur, maar laasgenoemde word nie totaal afgewys nie (NHKA 1985:12).

Die NHKA is, volgens *Kerk en wêreld 2000*, nie ten gunste van ekumeniese kontak teen elke prys nie. 'Wanneer ekumeniese kontak die Kerk by daardie punt bring waar hy 'n ander evangelie as dié van Jesus Christus moet verkondig òf 'n parodie daarop, oordeel hy dat dit nie die moeite werd is nie en ontbeer hy hierdie kontak met graagte' (NHKA 1985:7). Wat die verhouding met individuele kerke betref, word daar dus geen verwagtinge gekoester van kontak met kerke wat die 'ekumeniese teologie' aanhang nie.

Wat die verhouding met Afrikaanssprekende kerke betref, is die dokument veel meer optimisties. Hier bestaan 'n groot stuk konfessionele gemeenskaplikheid. Daar word egter nie eksplisiet verwys na die feit dat hierdie kerke onder dieselfde volk leef as die NHKA nie. Hoewel 'n mens in die lig van die amper hartstogtelike uitsprake oor die verband tussen die NHKA en die Afrikanervolk sou kon verwag dat die bestaan van ander kerke onder dieselfde volk (wat eweveel as die NHKA verweef geraak het met die volkslewe) teologies beredeneer sou word, word daar geen woord oor gerep nie.

Dat drie Afrikanerkerke langs mekaar 'n probleem is, het nogtans kennelik in die gedagte van die opstellers geleef, omdat die verslag in soveel woorde na die ideaal van Afrikanerkerkeenheid verwys. Die gedagte van organisatoriese eenwording van kerke word in die agtergrond teruggedwing. Die verslag spreek hom uit vir die ideaal van 'teologiese eenwording', 'met die Bybels-reformatoriese teologie as dié omskrywing van die eenheid' (NHKA 1985:11).

> Al lyk dit 'n geheel en al onbereikbare ideaal, behoort dit minstens die doelwit te bly waarna gestrewe moet word. Hierin lê die grootste diens wat die Afrikaanse kerke aan die Suid-Afrika van die toekoms kan bewys. Die Hervormde Kerk sou daarna streef dat die kwaliteit van sy bydrae van so 'n aard sal wees dat (al is dit teen wil en dank) daarvan kennis geneem sal word.
>
> (NHKA 1985:11)

Daar word vervolgens verwys na die Kerk se gesprekke met Pinksterkerke en dit word gestel dat daar ten spyte van allerlei punte van verskil, 'n plig op die Kerk rus om kontak met 'hierdie deel van die Kerk van Christus' nie te verwaarloos of te vermy nie.

Die dokument verwys na die hoë premie wat op die verhouding met die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika (hierna HKSA) geplaas word. Dit word beskryf as 'n verhouding wat 'vir albei bevrugtend en verrykend is en toenemend moet word' (NHKA 1985:11).

Die HKSA word verder beskryf as die venster van die NHKA op 'die siel van die Swartman' (NHKA 1985:11).

> In die eerste plek om te leer en geleer te word, sodat die behoeftes en aspirasies van Swart Christene beter verstaan kan word, maar ook om húlle die geleentheid te bied om die Hervormde Kerk te leer ken en om, vir sover moontlik, begrip vir sy standpunt te kry.

Daar word selfs gehoop dat die verhouding met die HKSA kontakmoontlikhede met ander kerke onder die Swart volke sal open, 'veral met dié wat nie lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke is nie' (NHKA 1985:11).

> Die Kerk is verder daarvan oortuig dat hy veral 'n bydrae te maak het tot hierdie kerke se teologiese ontwikkeling en hy sou graag geleenthede te baat neem om dit daadwerklik te doen. Hy glo dat hy veel het om te gee en dat dit op pligsversuim sal neerkom as hy nie elke beskikbare geleentheid om dit te doen, te baat neem nie.

**Die Kerk en ekumeniese organisasies**

Die NHKA het, volgens *Kerk en wêreld 2000*, taamlik bedenkinge oor ekumeniese organisasies.

> Gesien die talryke verskille tussen afsonderlike kerke, lyk dit trouens onvermydelik dat 'n kerk iets van homself moet prysgee wanneer hy lid van so 'n organisasie word. Verder is dit 'n onwegredeneerbare feit dat so 'n organisasie op die duur 'n eie teologie en selfs 'n eie teologiese tradisie ontwikkel, wat nie anders kan as om spanning tussen die organisasie as sodanig en afsonderlike kerke in die hand te werk nie.
>
> (NHKA 1985:12)

Die redes waarom die NHKA hom aan die Wêreldraad van Kerke en Wêreldbond van Hervormde Kerke onttrek het, word bespreek. Die vernaamste rede is dié van

'n 'teologiese klimaat' wat onuitstaanbaar geword het. Dit word getipeer as horisontalisties (NHKA 1985:8).

Die Wêreldraad van Kerke se teologie word verder aangedui as een wat steun op 'n Marxistiese ontleding van politieke, maatskaplike en ekonomiese sake. Begrippe soos 'geregtigheid', 'vrede' en dies meer, word met Marxistiese inhoude gevul (NHKA 1985:8-9).

Laer af word hierdie kring nog wyer getrek, wanneer verwys word na '...kerke wat meewerkende lede van die groot ekumeniese organisasies en onderskrywers van die ekumeniese teologie is....Trouens, die Kerk aanvaar dat gespreksmoontlikheid in hierdie geval eintlik nie bestaan nie' (NHKA 1985:10).

Die Wêreldbond word aangedui as uitgaande van 'n belydenis van rasse-integrasie (NHKA 1985:9). Om hierdie rede en omdat die NHKA nie meer daar welkom is nie, is lidmaatskap beëindig. Die redes vir die onaanvaarbaarheid van die NHKA by die Wêreldbond word nie genoem nie.

Dit word gesê dat die deure van die GER ook stadigaan besig is om vir die NHKA toe te gaan. In soveel woorde word erken dat die NHKA by geen respektabele ekumeniese organisasie aanvaarbaar is of geen sodanige organisasie aanvaarbaar vind nie.

> (Die Kerk se) basiese uitgangspunt sal steeds wees dat daar nie van hom verwag moet word om teologiese prysgawes te maak nie. Waar hy teologiese tuis kan wees en ook welkom is, sal hy nie huiwer om betrokke te raak nie, veral nie waar hy 'n teologiese bydrae sou kon lewer nie. Hy glo dat hy 'n bydrae te lewer het.
>
> (NHKA 1985:9)

Die dokument vertoon hier 'n sentripetale houding. Die teologiese implikasies van die huidige toedrag van sake, naamlik dat die NHKA in amper geen respektabele ekumeniese geselskap meer welkom is nie, word nie verder hanteer nie en die analise van redes waarom dit so ontwikkel het, is om dit sagkens te stel, nie juis diepgaande nie.

**Kerk en owerheid**

Die NHKA sien hom, volgens *Kerk en wêreld 2000*, as onderworpe aan die burgerlike owerheid op die vlakke van landsadministrasie, regspraak, regstoepassing, ekonomie, politieke beleid ensovoorts, maar ook met die plig en verklaarde voorneme om die owerheid eerstens met sy gebede en tweedens met sy getuienis te

begelei. Die roeping en plig van die Kerk is net so fundamenteel, indien nie meer nie, as dié van die owerheid. Daar is niks wat enige owerheid kan doen om hierdie waarheid en plig te verduister of te verhinder nie.

Die Kerk is egter daarvan bewus dat sy getuienis 'n inherente geloofwaardigheid moet hê. Die voorwaardes hiervoor, word gestel, is dat die Kerk moet onafhanklik moet wees in sy oordeel en objektief en goed ingelig in sy kennisname en beoordeling van realiteite. Sy teologie moet 'suiwer en gesond' wees.

> Hy moet veral nie die indruk skep van teologiese luiheid nie. Hy moenie toelaat dat die indruk ontstaan dat hy maar tevrede is met die antwoorde wat vroeër gegee is en daarom ophou om met die problematiek van die dag te worstel nie.
>
> Hierdie teologiese besinning moet ook nie net bly vassteek by die teologiese fakulteit of die vergaderings van die ampsdraers nie. Dit moet by die lidmate uitkom....Sodoende sal dit verder hopelik moontlik word dat die Kerk, op alle vlakke, uit één mond sal praat.
>
> (NHKA 1985:14)

Hierop haal die publikasie ruim aan uit 'n vorige kerklike dokument, te wete die uitspraak van die Algemene Kerkvergadering van 1981 oor die plig van die landsowerheid. Die situasie-ontleding waarvan dié uitspraak uitgaan, is hoofsaaklik mikrostruktureel.

Die dokument verklaar hom simpatiek met 'n beleid wat uitgaan van volke, volksgroepe en gemeenskappe. Rassisme word as sondige verskynsel verwerp, maar die Kerk is ook daarteen dat dié term los en vas as etiket gebruik word. Die Kerk kan hom glad nie vereenselwig met optrede en maatreëls wat krenkend is of mens leed berokken nie (NHKA 1985:22).

Die dokument distansieer hom egter ook van die verkettering van enige inagneming van verskille in aard en kultuur.

### Die sosiale roeping van die Kerk

In ooreenstemming met 'n vroeëre uitspraak dat genade en geloof nie net die geestelike dimensie van menswees raak nie, word nou verklaar dat die Kerk as draer van die evangelie oor elke denkbare lewensterrein kan getuig, waaronder die sosiale (NHKA 1985:24). Dit moet egter goed begryp word dat die NHKA die sosiale dimensie tot die sekondêre sake reken. 'Sekondêr' beteken egter nie 'onbelangrik' nie.

Op die horisontale, intermenslike vlak, moet iets sigbaar word van wat op die vertikale vlak tussen God en mens gebeur (NHKA 1985:25).

Die Kerk verstaan sy roeping in hierdie verband dat die kerk self 'n instrument van versoening sal wees en dat lidmate versoenend sal leef. Die Kerk verstaan dat hy 'n maatskappykritiese vermoë moet hê. Maatskappykritiek moet gebalanseerd beoefen word - alles moet nòg gekritiseer nòg beaam word. 'Die kerk se taak is immers nie om die maatskappy, die status quo of 'establishment' te alle koste orent te hou nie, maar om dit voortdurend te toets aan die eise van die Woord' (NHKA 1985:25).

Die vorm en struktuur wat 'n samelewing aanneem, hou verband met die geloofsbeginsels van die mense wat deel daarvan is. Vir die Kerk is dit die indirekte manier, dit wil sê deur sy lidmate. Soms moet die Kerk egter ook direk deur sy getuienis sekere maatskappyveranderings nastreef. 'Dié getuienis sal duidelik en op die man af moet wees.' Aktivistiese optrede moet egter nie van die Kerk verwag word nie (NHKA 1985:26).

Strukture en sake wat persoonseerbiediging verhinder of aftakel word uitgesonder vir hierdie kritiek. 'n Hele stuk volg oor persoonseerbiediging (NHKA 1985:26).

Die etiese rigsnoer lei die Kerk af uit die Skrif, terwyl elke situasie op eie meriete beskou word. Die regte optrede word nie bloot kasuïsties vasgestel nie. Teologiese norme en oorwegings moet in aanmerking geneem word (NHKA 1985: 27).

## Die ontleding van die Suid-Afrikaanse situasie

Die sosiale beeld van Suid-Afrika is, volgens *Kerk en wêreld 2000*, ongelooflik kompleks. Die potensiaal vir konflik is geweldig. Die vraag na sinvolle bevolkingsverhoudings laat hom nie ignoreer nie. Daarby kom nog die verskynsel van massale verstedeliking met sy eie gepaardgaande probleme, soos ontoereikende behuising, onderwys, arbeidsvoorsiening, dienste en werkgeleenthede, akkulturasie en kultuurbotsings.

Demografiese projeksies wil daarop dui dat die ekonomiese suigkrag van die Blanke metropolitaanse gebiede drasties sal toeneem na die jaar 2000. Om dit teen te werk, moet nywerheidsontwikkeling in die Swart state drasties toeneem. Daar word twyfel uitgespreek of Suid-Afrika oor die ekonomiese vermoë beskik om dit te vermag.

Getallegewys is die Blankes besig om vinnig agteruit te boer, nie alleen wanneer hulle met die ander groepe vergelyk word nie, maar ook wanneer die effek van 'n dalende geboortesyfer in Blanke geledere in aanmerking geneem word. Tensy daar

'n skerp toename in laasgenoemde intree, sal die Blankes in die jaar 2000 nie genoeg werkers kan lewer om die poste te vul wat tans deur Blankes geset word nie. Op daardie stadium sal die arbeidsmark oorspoel word van jong Swart werkers. Die Blanke groep is ook vinnig besig om te verouder en sy aanwaspotensiaal is besig om verby sy piek te beweeg - presies die teenoorgestelde prentjie van wat in die Swart groep geld.

Verder is daar aanduidings dat Transvaal, die tradisionele 'hartland' van die NHKA, 'n baie sterk aantrekkingskrag vir entrepeneurs en industrieë ontwikkel het. 52,21% van die Blankes was in 1980 in die Transvaal gevestig. Daar het ook 'n sterk migrasie van Kleurlinge na Transvaal op dreef gekom.

Verstedeliking gaan toeneem en dit gaan belangrike gevolge hê vir die makrosamelewing van Suid-Afrika. Die verstedelikingsproses van die Blankes en Asiërs is feitlik afgehandel. Dié van die Kleurlinge is nie so ver ontwikkel nie. Die Swartes se trek na die stede het pas begin. In 2000 sal na verwagting 24 miljoen Swartes in die stede woon. 87% van alle nuwe stedelinge oor die tydperk 1985-2000 sal Swartes wees (NHKA 1985:48). 72% van alle stedelinge sal in 2000 Swartes wees. (Dit is onduidelik of hierdie syfer die afskaffing van instromingsbeheer in aanmerking neem.)

Die vernaamste redes vir Swart verstedeliking is enersyds hulle 'onverantwoordelike hoë natuurlike aanwaskoers', en, andersyds, die suigkrag en arbeidsbehoeftes van die ontwikkelde 'Blanke' sektor. Regeringsbeleid word verder ook as 'n rede aangegee (NHKA 1985:36).

Die sosio-ekonomiese, maar ook die kulturele en morele gevolge van hierdie verwikkelinge moet goed deur die Kerk onder oë gesien word. In 'n volgende gedeelte word dit dan ook gedoen (NHKA 1985:37-50). Ons kyk na enkele implikasies in die verslag genoem.

Vanweë die eise van 'n groeiende ekonomie, gaan Swart werkers geleidelik na alle sektore en vlakke van die landsekonomie uitbrei. Blankes sal in sekere gevalle onder Swartes moet werk. Swartes sal al beter gekwalifiseer raak. Die laerstand-Blankes sal dit al moeiliker vind om hulleself ekonomies en sosiaal te handhaaf. Hierteenoor kan verwag word dat die Swartes hulle al sterker in die metropolitaanse omgewing sal handhaaf. Konflikpotensiaal kan so toeneem.

'n Te hoë groeikoers onder Swartes, styging in Swart onderwyskostes, lae produktiwiteit, werkloosheid en behuisingsnood is van die vernaamste toekomstige probleme waarmee die land sal moet worstel. Dit word vererger deur disinvestering en sanksies. Die verslag aanvaar dat Suid-Afrika 'n sekere minimum ekonomiese groeikoers (5-5,5%) sal moet handhaaf en dat buitelandse investering 'n *sine qua non* is. Politieke stabiliteit moet ook gehandhaaf word. Daarteenoor sal die land

sekere Derde-Wêreld-omstandighede moet aanvaar, soos beheerde plakkery en waarskynlik 'n sekere mate van werkloosheid.

*Kerk en wêreld 2000* handel hierna oor bepaalde politieke feite en tendense, asook oor die verwagtings van die verskillende bevolkingsgroepe. Die Swart-Blank-verhoudingsvraagstuk domineer hierdie gedeelte geheel en al.

Enersyds is daar die Blankes wat probeer om 'n gesofistikeerde, Westerse kultuur en ekonomie in stand te hou, met behoud van eie identiteit. Hulle beskou ekonomiese wisselwerking met Swartes en Swart gemeenskappe egter as vanselfsprekend. Daarom moet Swart gemeenskappe ook nie te ver van die Blanke gemeenskappe geleë wees nie.

Die vernaamste Blanke groep is die Afrikaners waarvan die meeste selfbeskikking sien as iets wat slegs deur politieke oorheersing in die 'Blanke' gebied gebolwerk kan word.

Andersyds is daar die Swartes wat hulle eie gebiede wil behou en dit dan ook nog as vanselfsprekend beskou dat hulle 'n belangrike aandeel sal hê in die 'Blanke' ekonomie en in die land se 'rykdom'. Hulle ervaar die huidige politieke opset as 'onderdrukkend' en dit moet aanvaar word dat hulle in die toekoms al meer druk sal uitoefen om die politieke opset in hulle guns te verander.

**Afsonderlikheid en/of gemeenskaplikheid - hoe dit die NHKA raak**

Soos reeds genoem in die begin, heg die NHKA, volgens *Kerk en wêreld 2000*, groot waarde aan die afsonderlike voortbestaan van die Afrikanervolk (soos ook van die ander volke in Suid-Afrika).

Hieroor '...bely die Kerk (NHKA 1985:65-66) die volgende:'

> Hierdie volk was nie altyd daar nie, maar het ontstaan, omdat God wat nasies in die lewe roep en weer laat verdwyn, die ontstaan gewil het. Ons glo dat aan hierdie ontstaan en die gevolglike voortbestaan van die volk 'n bepaalde opdrag en taak gekoppel is. Ons glo dat dit juis deel van die taak van die Kerk is om die volk so te verfyn en op te skerp in die geloof dat hierdie taak uitgevoer sal kan word. Met die opdrag is egter nie die waarborg gegee vir die ewige en onveranderlike voortbestaan van hierdie volk nie. Dit mag God in sy vrye en soewereine majesteit behaag om hierdie volk voortdurend te verander deur die byvoeging van steeds meer mense en nasies. Dit sal uiteraard beteken dat die aansyn van die Kerk óók verander. Sy opdrag en taak sal egter nooit verander nie.

Die verslag het egter geen twyfel daaroor dat daar in die toekoms meer klem gelê sal word op interafhanklikheid en gemeenskaplikheid nie, vanweë '...demografiese en ekonomiese kragte in hierdie land...met 'n dinamiek van hulle eie, wat haas nie meer beheer of beteuel kan word nie' (NHKA 1985:66). Hierdie kragte sal die ideaal van afsonderlike volke onder erge druk plaas.

Die NHKA sal in ooreenstemming met sy volkskerkbegrip altyd 'n voorstander vir afsonderlikheid bly. 'Hy durf dit egter nie verhef tot die status van evangelie nie - al sou die volk dit hoe sterk van hom verwag' (NHKA 1985:66). Hy moet sy lidmate ook goed laat verstaan dat hulle heil nie van afsonderlikheid of van die Blankheid van die NHKA afhang nie, maar slegs van God in Jesus Christus (NHKA 1985:66, 71).

> Dit moet ook vir die lidmate gesê word dat, sou dit gebeur dat dit duidelik word dat afsonderlikheid hoe langer hoe meer 'n onbereikbare ideaal blyk te wees en gemeenskaplikheid die lewenswyse van die toekoms, dit geen afbreuk hoegenaamd hoef te doen aan die wese van die NHKA as kerk van Jesus Christus nie.
>
> Sou dit gebeur dat omstandighede waaroor hy geen beheer het nie, 'n toestand van gemeenskaplikheid op hom afdwing, sal hy gereed wees om dan nog altyd, na die beste van sy vermoë, kerk van Christus te wees. Hy leef immers uit die geloof dat die Here sy hand aan sy kerk hou en dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie.
>
> (NHKA 1985:66-67)

*Kerk en wêreld 2000* sê dat die Kerk se keuse vir afsonderlikheid, volgens die teleologiese norm wat hy gebruik, nie in stryd met die etiese eis van die Skrif is nie. Daarenteen kan aangetoon word dat 'n eenheidstaatsbeleid op die langtermyn verskeie etiese onhoudbaarhede tot gevolg kan hê waarvan die vernaamste is dat die regte van minderhede ondergeploeg sal word. Baie voorbeelde kan vandag in die wêreld aangetoon word van minderheidsgroepe wat vasgevang sit in politieke sisteme wat hulle geen geleentheid bied om hulle aspirasies en ideale tot uitdrukking te bring nie. Sulke sisteme verteenwoordig dan uit die oogpunt van die minderhede geïnstitusionaliseerde ongeregtigheid.

Uiteraard is dit weer moontlik om afsonderlikheid vanuit 'n deontologiese hoek, te kritiseer. Hier word gedink aan die ontworteling wat konsolidasie van tuislande meebring en die gesinsontwrigting wat trekarbeid meebring.

'n Keuse word dus gemaak vir 'n langtermyngerigte beleid, maar ook met die veronderstelling dat so 'n beleid krities begelei moet word met betrekking tot die daaglikse toepassing daarvan (NHKA 1985:69-70).

### Die Kerk en die ekonomie

*Kerk en wêreld 2000* stel dat die Kerk hom nie aan die ekonomiese vraagstelling kan onttrek nie. Dit is nie te veel gesê nie om te beweer dat dit ekonomiese kragte is wat die infrastruktuur daarstel waarop die Suid-Afrika van die toekoms gebou word (NHKA 1985:72).

Die Christelike etiek moet ter sprake kom in die ekonomie. Dit kan nie toegelaat word dat die toekoms van die land in die hande van mense (handelaars, entrepeneurs, finansiers ens) oorgelaat word wat slegs deur die grootste moontlike wins aangevuur word nie. Die laissez faire-kapitalisme wat in Suid-Afrika domineer, is uit Christelike en kerklike oogpunt nie aanvaarbaar nie (NHKA 1985:72-73). Die Kerk moet die ekonomie met Christelike waardes bestuif deur sy lidmate wat daarin funksioneer.

Daar is egter ook die makrostrukturele vraag: kapitalisme of sosialisme?

Die kerke van die wêreld kies bykans uitsluitlik ten gunste van die sosialisme (NHKA 1985:73). Die sosialisme het inderdaad verskeie goeie kante, maar in Suid-Afrika is sake te ingewikkeld om vir die een of die ander te kies.

As 'n sosialistiese stelsel in Suid-Afrika ingevoer moet word, sal dit 'n ondraaglike las op die skouers van die Blankes plaas. Dit sal ook die effektiewe verarming van die land beteken. Waarvoor die Kerk dus kies, is 'n gekontroleerde kapitalisme of vrye onderneming onder die wakende oog van die staat (NHKA 1985:74). Dit kom neer op 'n verbastering van kapitalisme en sosialisme.

### Die eintlike taak van die Kerk

Dit word in die volgende woorde uitgedruk: 'Uiteindelik moet die Woord van God by mense tuisgebring word en moet die lidmate van die Kerk bereik word. Om dit moontlik te maak, sal dit help om te weet wie hulle is en waar hulle is en hoe hulle is' (NHKA 1985:75).

### Die mense

Hierop kyk *Kerk en wêreld 2000* eerstens na die gemiddelde Hervormde lidmaat (NHKA 1985:75-76). Daar is aangetoon dat die meeste lidmate reeds verstedelik het en dat die tendens sal toeneem. Daarom kyk die verslag ook na die kenmerke van die verstedelikte lidmaat (NHKA 1985:77-80). Aangesien ons onderwerp ons by hierdie tema verbyneem, raak ons slegs enkele relevanthede aan.

- Die NHKA is vir sy groei amper uitsluitlik afhanklik van die natuurlike aanwas binne eie geledere. Dit het dramaties gedaal sedert die tweede helfte van die sewentigerjare, soos die res van die Blanke bevolking.
- Die verstedelikte mens is iemand wat bepaalde veranderings in sy sosiale en persoonlikheidsprofiele ondergaan het, soos verwag kan word van iemand wat hom in 'n onpersoonlike massagemeenskap tuisgemaak het waar nog net met massamedia gekommunikeer word, vir alle praktiese doeleindes 'n laissez faire-etiek geld en kerklike (of selfs Christelike) gesag van persoonlike keuse afhanklik gemaak word.
- Die Afrikaner vind dat sy leefwêreld vir hom al vreemder word of dat hy al vreemder word vir sy tradisionele verwysingsraamwerk. Hy is amper al gewoond daaraan dat hy Engels moet besig wanneer hy die handels- of nywerheidswêreld betree, waar in elk geval waardes funksioneer wat eerder verband het met die internasionale handels- en nywerheidswêreld as met wat hy as die tradisionele ken. Hy raak al meer opgeneem in 'n funksionalistiese samelewingsetiek. Individualisering ten koste van sosialisering neem toe. Persoonlike vryheid word uitgebrei om die aanvaarding van goddelike en kerklike gesag afhanklik te maak van persoonlike keuse en smaak. Hierdie mens raak al meer 'geëmansipeerd'.

Die bearbeiding van die mense

*Kerk en wêreld 2000* sien dit nie anders as verkondiging nie:

> Dit moet altyd in gedagte gehou word dat, afgesien van watter omstandighede ook al heers, die verkondiging die besondere wyse is waarop die Kerk sy werk in die wêreld doen. Die besondere gestalte van die verkondiging is die prediking, die kategese, die pastoraat, die evangelisasie en die sending.
>
> (NHKA 1985:81)

Hierdie uitspraak skep die indruk dat die apostolaat iets is wat gewoon by die lang lysie ampspligte gevoeg kan word, nie asof die buitekerklikgerigte bediening van die Kerk 'n eie bestaansdimensie van die kerk, naas die binnekerklikgerigte bediening, uitmaak nie. Die indruk word versterk wanneer die wyse waarop die verslag oor hierdie lysie ampspligte handel, in aanmerking geneem word (NHKA 1985:83-86).

Aan die ander kant moet erken word dat evangelisasie-en-sending nie as 'n appendiks aan die lysie ampspligte geheg is nie. Daar bestaan egter geen duidelike

aanduiding dat die verslag die Kerk sien as 'n instelling wat reeds deur, en in terme van sy blote bestaan en wese apostolêr is nie. Die naaste daaraan is die volgende: Ware verkondiging kan nie van buite af plaasvind nie. Dit geskied in die situasie. Die implikasie hiervan is dat die verkondigende Kerk nie net oppervlakkig nie, maar werklik diepgaande in die situasie teenwoordig sal wees (NHKA 1985:82).

Dié teenwoordigheid bestaan uit die volgende elemente:

* Kerugmatiese teenwoordigheid
  Dit is meer as blote 'Christian presence'. Die Kerk se teenwoordigheid en sy prediking hou direk met mekaar verband. Daar word egter nie verwys na die feit dat die Kerk se bestaanswyse, in die wyse waarop hy amptelik en op lidmaatsvlak na die mense daarbuite oorkom, ook 'n yslike stuk verkondiging is nie. Wanneer die woorde van die Kerk en sy bestaanwyse nie ooreenkom nie, word die geloofwaardigheid en 'outentisiteit' van die Kerk afgetakel. Die moderne mens word aangetrek deur eerlikheid en opregtheid, maar draai baie gou sy rug op wat hy as onopreg ervaar.

  Wanneer daar later eksplisiet oor die evangelisasie-kommunikasie gehandel word, klink iets van hierdie bewussyn tog deur:

> Die vraag na die kommunikasie van die evangelie is 'n soeke na die bestaanswyse van die gelowiges as gemeente van die Here....Dit behels die eiesoortige identiteit van die volk van die Here, sodat in sy wyse van bestaan die gemeente 'n lewenstyl en gedragspatroon skep wat die mense wat van Christus vervreem is, weer terugbring binne die geborge atmosfeer van God se kudde. Dit impliseer die herstrukturering van die gemeentelike lewe in die grootstad.
>
> (NHKA 1985:86)

* Terapeutiese teenwoordigheid

> Die Kerk sal doelbewus en toenemend moet ontwikkel in 'n soort toevlugsoord, waar hierdie mens warmte en gemeenskap sal kan ervaar - 'n plek waar hy homself tuis voel en waar hy graag sal wil meeleef....Die Kerk moet meer en meer die oord word waar mense heelgemaak kan word, of hulleself deur gemeenskap heel kan laat word.
>
> (NHKA 1985:82)

Die implikasies van hierdie uitspraak vir die evangelistiek hoef kwalik uitgewys te word. Dit is raar dat die verslag nie die uitdagings wat 'n verouderende lidmatekorps aan die bediening gaan stel, oorweeg nie.

* Didaktiese teenwoordigheid

> Dit is...belangrik dat die moderne mens ervaar dat die Kerk na hom luister, en dus kennis neem van die dinge wat sy gees beroer. Uit die aard van die saak sal dit ook die voorwaarde daarvoor wees dat die Kerk se teologie byderwets en aktueel bly.
>
> (NHKA 1985:82-83)

Die volgende belangwekkende voorwaardes word vir die bediening gestel (NHKA 1985:83) en geld elkeen eintlik ook vir die apostolaat. Die verslag laat egter na om die apostolêre betekenis daarvan aan te dui.

- Intieme en deurleefde kennis van die Woord.
- 'n Grondige kennis van die mens in sy situasie.
- Doelgerigte en noukeurige teologiese arbeid om die Woord vir hierdie mense te ontsluit.
- 'n Grondige kennis van aanbiedingsmoontlikhede om hierdie Woord op die beste moontlike wyse by hierdie mense se adres af te lewer.
- 'n Bedieningstruktuur wat die volle potensiaal van die gemeente om die Woord te bedien, benut.
- 'n Innige gebedslewe en gemeenskap met die Gees van God sodat dit alles moontlik word.

Die vernaamste rede vir dié versuim waarskynlik 'n gebrekkige apostolaatsvisie. Hierna word prediking, kategese en pastoraat behandel, maar kennelik met die veronderstelling van 'n binnekerklike gerigtheid. Oor evangelisasie word die volgende gesê (NHKA 1985:85):

Evangelisasie
Die NHKA se evangelisasiepoging moet as beskeie bestempel word. Dit is omdat die werk tot nou toe hoofsaaklik in die hande van 'n 'paar ampsdraers' gelaat is. Die bymekaarhou van die gemeente het dus nog altyd die belangrikste deel van die

gemeentelike werksaamheid uitgemaak, terwyl die 'bymekaarmaak van die verloregaande skape' nagenoeg geen aandag gekry het nie. (Let wel die geïmpliseerde definisie van evangelisasie.)

Hierna word die volgende vreemde motivering vir evangelisasie gegee:

> As gevolg van die steeds groter wordende getal buitekerklikes in die grootstad, sal hierdie werk van die Kerk steeds meer aandag moet kry. ...Indien dit nie gebeur nie, sal die Kerk vind dat sy rol in die samelewing steeds kleiner word - saam met sy kleiner wordende lidmatetal.
>
> (NHKA 1985:85)

Dit laat 'n mens dink aan 'n ander motivering wat ook al in die Kerk vir evangelisasie aangebied is, naamlik dat die Kerk se struktuur en beplanning wat oor die jare heen met die veronderstelling van getallegroei ontwikkel het, nou deur evangelisasie gered moet word.

In die taal van die Sendingwetenskap sou hierdie motiewe definitief as 'onsuiwer' getipeer kan word. Die soort kerkbegrip wat hierin en in die geïmpliseerde definisie van evangelisasie na vore kom, is staties en juridies, en amper ook polities. Die dinamiese 'kerk van die Woord' waarna elders so dikwels verwys word, is hier vergete.

Die werkwyse wat *Kerk en wêreld 2000* vir die evangelisasiepoging van die Kerk aanbied, veronderstel groter aanwending van lidmate, soos voorsien word deur die Raad vir Evangelisasie.

Evangelisasie word min of meer gelykgestel met Woord-kommunikasie in die wêreld. Dit word as 'n wye saak beskou wat die hele gemeente raak en daarom desnoods strukturele aanpassings in die gemeente kan noodsaak.

Natuurlik het dit ook met gesindheid en die dinamiek van geloof te doen, iets wat primêre aandag moet kry wanneer evangelisasie met die hulp van lidmate bedryf word.

### Sending

Hieroor lees ons slegs die volgende:

> Ooreenkomstig die Kerk se beskouing, bestaan sy sendingwerk in die opleiding en vorming van dienaars van die Woord uit die onderskeie volke en volksgroepe en die begeleiding van en noue verband met die

> kerk of kerke wat uit hulle arbeid voortkom.
>
> Daarnaas moet die Kerk egter ook nog steeds bereid wees om betrekkinge aan te gaan met ander inheemse kerke en godsdienstige groepe met die doel om hulle veral by te staan om teologies en organisatories te ontwikkel tot volle wasdom en selfstandigheid. Die Kerk mag nie passief bly teenoor die groot getalle gelowiges en halfgelowiges vir wie hy tot hulp kan wees nie.
>
> (NHKA 1985:86)

As 'n mens dink aan die scenario wat uit *Kerk en wêreld 2000* se uitgebreide analise van die toekomstige Suid-Afrika na vore gekom het, is hierdie paar opmerkings 'n antiklimaks en 'n teleurstelling. Dit sou stellig verwag kon word dat die verslag veel meer sou kon gemaak het van die Kerk se apostolêre roeping en taak. Die tussentydse rapport van die Studiekommissie na Sending wat in die agenda van die afgelope Algemene Kerkvergadering opgeneem is, gee 'n aanduiding van hoeveel ruimer daar reeds oor hierdie saak onder Sendingwetenskaplikes in die NHKA gedink word.

### Lidmaatbetrokkenheid by die werk van die Kerk

Die verslag voorsien dat dit, naas die evangelisasiewerk, ook op ander terreine sal toeneem. Die kerkraad sal in die eerste linie staan (NHKA 1985:87). Daar word voorsien dat lidmaattoerusting grootliks sal uitbrei om dit te onderbou. Daar word selfs voorsien dat die predikant se taak in die gemeente hersien sal word (NHKA 1985:87). Die lidmaat verkeer in baie opsigte in 'n veel beter posisie om die Woord aan die mens in die wêreld te kommunikeer.

Die Kerk sal ook op groter skaal van kundiges in sy geledere, wat lidmate insluit, gebruik moet maak.

'n Organiese kerkbegrip kom in die volgende aanhaling na vore: '(Die Kerk)... sal al meer moet word wat hy kragtens sy roeping reeds is: 'n lewende organisme waarin elke lid se genadegawe aangewend (moet) word tot die beste voordeel van die geheel en die lof van die Here' (NHKA 1985:89).

## EVALUERING

In *Kerk en wêreld 2000* word op 'n besondere omvangryke skaal erns gemaak met die sosio-ekonomies-politieke werklikhede van die hede en die nabye toekoms. Dit tel ten gunste van die verslag dat baie sake wat tot nog toe in die NHKA verswyg of

ontken is, pertinent aangespreek is en dat die NHKA as 't ware opgeroep is om, met dit in ag genome, sy toekomstige roeping en rol uit te spel. Oor die situasie-ontleding self kan waarskynlik heelwat opgemerk word, soos dat dit plek-plek na die triviale afdaal, dat sekere sake, soos die toekomstige sosio-politieke en sosio-ekonomiese situasie veral met betrekking tot die Swartes, omvangryk behandel word en ander slegs in die verbygaan genoem is, en dat dit te min aandag gee aan die makrostrukturele, ideologiese aspekte. Daar was ook diegene binne die NHKA wat die verslag op grond van ideologiese oorwegings feitlik heeltemal afgeskiet het (vgl Breytenbach 1987).

Die feit is nogtans dat 'n gesprek in die NHKA aan die gang gesit is en dat dit bo die vlak van politiekery uitgelig is.

Aan die ander kant kom 'n mens 'n huiwering agter wanneer die verslag die rol van die NHKA in die toekomstige Suid-Afrika bespreek. *Kerk en wêreld 2000* se gesigsveld verskuif wanneer vanaf situasie-analise oorgegaan word na die toekomstige rol en taak van die Kerk. Dan word die blikrigting verander en hoofsaaklik na die binnekerklikgerigte bediening gekyk, sodat die sending in ongeveer eenderde van 'n bladsy afgehandel word. Die verslag raak introvert en sentripetaal wanneer die implikasies van sy analise vir die Kerk en sy werk teologies bedink word.

Hierdie verskynsel kan aan twee redes toegeskryf word. Enersyds weerspieël dit 'n introversie by die NHKA. Dit word op sy beurt waarskynlik versterk deur 'n diepgaande bekommernis oor die toekoms. So kom 'n toekomsvisie tot stand wat nogal herinner aan Augustinus se asketiese visie soos uiteengesit in sy *De civitate Dei*, geskryf in die vroeë fase van die Germaanse invalle en op die vooraand van die Middeleeue.

Dit word nogtans problematies wanneer die introversie versterk word deur 'n sentripetale kerkbegrip, soos dit na vore kom in die behandeling van die NHKA se ekumeniese verhoudinge, en 'n dinamiese kerkbegrip op kritieke oomblikke verdring word deur 'n juridiese.

Andersyds word 'n gebrekkige apostolêre verstaan van die kerk weerspieël by die opstellers en dalk ook by die NHKA as geheel. Die apostolaat is daarvolgens net nog 'n ampsfunksie en nie naasteby 'n dimensie van die kerk self nie. Die situasie-analise waartoe gekom word, word nie apostolêr ontgin nie. Die analise maak ook min, indien enige, van kulturele en godsdienstige pluraliteit as elemente van die toekomstige plurale situasie waarin die NHKA sy roeping moet vervul.

Laastens is dit betekenisvol hoeveel die verslag van die Kerk se teologiese arbeid verwag. Teoloë word op verskeie plekke aangemoedig om standaarde te verhoog en om namens die Kerk dinkwerk te doen wat in die nuwe situasie toepaslik kan wees.

## TEN SLOTTE

*Kerk en wêreld 2000* is helaas nie 'n goed geïntegreerde stuk werk nie. Die vermoede is dat die benaderings wat in die verskillende memoranda gevolg is, grootliks so oorgeneem is. Verder bevat dit herhalings èn leemtes.

Die vernaamste winspunt van die publikasie is dat dit 'n eerlike venster op die NHKA bied en dat Hervormers ook by die venster kan inkyk. Hulle sien die NHKA en hulleself soos dalk nooit tevore nie. Die debat wat die publikasie op die oog het, kan so selfs op 'n dieper vlak gestimuleer word as wat die opstellers dalk verwag het.

Uit *Kerk en wêreld 2000* het daar natuurlik by die Algemene Kerkvergadering van 1986 'n hele reeks besluite voortgevloei oor 'n strategie met die oog op kerklike bediening in die tagtiger- en negentigerjare. Verder het dieselfde vergadering besluit dat 'n studiekommissie aangewys moet word om die bedieningstrukture van die Kerk te ondersoek. Die tussentydse rapport van dié kommissie het by die Algemene Kerkvergadering van 1989 gedien en belangwekkende besluite is na aanleiding daarvan geneem.

Dit is egter betekenisvol dat die Studiekommissie na die Sending wat ook by die Algemene Kerkvergadering van 1986 opgerig is, nie sy aanleiding by *Kerk en wêreld 2000* gehad het nie. Die wisselwerking tussen hierdie kommissie en dié oor bedieningstrukture was tot dusver ook nul.

### Literatuurverwysings

Breytenbach, J H 1987. Kerk en wêreld 2000: 'n Kritiese blik. *Leer- en lewenskwessies in Suid-Afrika* 11/2, 17-22.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1985. *Kerk en wêreld 2000*. Pretoria: Kital.

--- 1986. Notule van die een en sestigste Algemene Kerkvergadering. Argief van die NHKA, Pretoria.

--- 1989a. Agenda van die twee en sestigste Algemene Kerkvergadering. Argief van die NHKA, Pretoria.

--- 1989b. Notule van die twee en sestigste Algemene Kerkvergadering. Argief van die NHKA, Pretoria.